Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

*„Hierin het die Ossewabrandwag iets nuuts gebring in ons volkslewe, nl. dat hy sy stukrag put nie uit geldmag of pers of uit opvlammende geesdrif nie, dog veel meer uit koue pligsbesef. Nie demokratiese hoera-patriotisme nie, dog militêre dissipline. In die Ossewabrandwag soek ons die soldaat, nie die demagoog nie — die soldaat van die Republiek. Daarom, juis daarom het die aanslae en intimidasie teen ons misluk." (Die K. G. op Klipkoppies).*

# Die O.B.

*„Ons skuld net soveel liefde aan die spartelende Afrikaner van vandag as aan die strydende Afrikaner uit die verlede. En die toekomsstaat waarna ons streef, sal op onmiskenbare wyse daardie kenmerk dra. Of Hoggenheimer daarin gaan tuis voel, laat ons koud; maar dat die man en die vrou wat vandag swaar sukkel om te leef in die toekomsstaat beter sal bestaan—daarom gaan ons stryd."— (Die K.G. op Klipkoppies).*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 13 OKTOBER 1943. No. 47.

## Koue Antwoord van Kapitalisme Aan Soldaat wat Geveg het

**'n Onbekende soldaat het 'n naamlose briefie aan die Rand Daily Mail gestuur. Hy het as volg geskryf:**

„Sommige van u lesers wil weet waarom so baie soldate wat onder die eerstes was om aan te sluit, nie ook die nuwe eed wil aflê nie. Hier is die rede — en ek spreek namens duisende: Ons wil bestaansveiligheid vir ons families hê. Ons kan nie insien nie waarom ons soos vuilgoed behandel sou word deur die „herrenvolk"-klas offisiere en onderoffisiere. Ons besef dat die aandeel wat ons kan neem aan die veldslae wat voorlê, onbeduidend is en ons is nie geneë om die toekoms van ons dierbares saam met ons lewens op te offer nie. Ons verkies om nou tot die burgerlike lewe terug te keer. Diegene wat tuis bly sit het, word nie die skyf van veragting gemaak nie — dit is alleen maar ons wat gely en ons families saam met ons.

**„Ons kry beloftes vir die toekoms. Maar ons bespeur uit die posisie van ons families vandag (soldyverhogings desondanks) en uit dié van die families van manne wat gesterf het of vermink is, wat daardie beloftes beteken.** As ons langs Eloffstraat in ons voëlverskrikkerkakiluier, by geleenthede wanneer ons dit regkry om uit ons kampe weg te kom, dan kyk ons na die res van u in u deftige klere en versekerdheid, en dan sê ons vir onsself: Daar stap ek, was dit nie vir 'n oomblik se onbesonnenheid nie!

„Watter antwoord kan u ons hierop gee?"

Of dit nou toevallig was en of hy dit opsetlik so bedoel het, weet ons nie, maar in ieder geval hierdie soldaat wou sy antwoord so reg uit die leeu se bek verneem — van die orgaan van die hoog-kapitalisme self.

### KOUD EN KIL

En wát is die antwoord van die kapitalisme op die noodkreet van hierdie besorgde soldaat? Koud en kil staan dit daar in die inleidingsartikel van die Rand Daily Mail van 28 September 1943.

In die eerste plaas, so betoog die blad, die soldaat se saak sou baie meer oortuigend geklink het as hy nie so baie klagtes gelug het nie.

Origens, so gaan die blad voort, die redes wat aangegee word vir die weiering om die nuwe eed te onderteken „is onoortuigend en die klagtes is snaaks om die minste daarvan te sê". Die blad verklaar verder dat die enigste grondige rede vir weiering wat in die brief aangegee word, die volgende is: „Ons wil nou graag tot die burgerlike lewe terugkeer." Oor die klag dat diegene wat nie by die leër aangesluit het nie, nie so gekritiseer word soos diegene wat die nuwe eed nie wil aflê nie, verklaar die blad dat dit „waarskynlik daaraan toe te skryf is dat die geval van 'n soldaat wat nie wil veg nie, taamlik paradoksaal is".

Begryp jou aan. Nie 'n woord van kritiek op die V-fronters wat tuis sit en ander aanhits om te gaan veg nie! Nie 'n woord van simpatie met die soldaat se bekommernis oor die lot van sy agterblywende dierbares nie! **Net swak bedekte woede en skimpe oor die feit dat soldate liewer tot die burgerlike lewe wil terugkeer om self vir hul dierbares te sorg.** Liewer as die kameraadskaplike verwydering van die soldaat se sorge deur die aandringing op daadwerklike toekomsveiligheid vir sy dierbares, kom hierdie orgaan van die kapitalisme met 'n bedekte beskuldiging van lafhartigheid. Die „paradoksale" soldate wat die blou eed nie wil teken nie, so skimp die blad, het geen waterdigte rede vir hul weiering nie — net hulle wil terugkeer tot die burgerlike lewe.

### OSSEWABRANDWAG

**Die soldaat weet nou wat om van die kapitalisme te verwag. Hy moet veg tot die dood toe. So ver so goed. 'n Soldaat moet te alle tye gereed wees om sy lewe te gee. Maar die kapitalisme verg meer van hom. Hy mag hom nie bekommer oor die lot wat sy vrou en kinders in die toekoms wag nie. Sosiale veiligheid vir sy dierbares mag hy nie eis nie.**

Die soldaat moet gerus ook leer wat om van die Ossewabrandwag te verwag. **Die O.B. sien in elke Afrikaner 'n broer — in wie se are bloed van sy bloed vloei. Die O.B. veg ook voort, onverskrokke, tot die dood toe—vir 'n gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, waarin bestaansveiligheid—brood, klere en 'n huis, aan elke volkslid gewaarborg sal word.**

**Die O.B., anders as die kapitalisme, verwag van elke man — en natuurlik ook van elke soldaat, dat hy so begaan sal wees oor die toekomstige bestaansveiligheid van sy dierbares, dat hy nie vir 'n oomblik sal rus voordat die nasionale gesagstaat, met sy sosiale grondslag onwankelbaar gevestig is nie.**

In sy stryd vir hierdie noodsaaklike sosiale ideaal roep die Ossewabrandwag alle Afrikaners om sy aan sy te stry.

## NAKOMING VAN EED

**Brandwag Rautenbach van Winburg word tans in die tronk aangehou „vir ondervraging" omdat hy herberg sou verleen het aan 'n voortvlugtige. Intussen help die ander Brandwagte soos een man om sy lande om te ploeg, terwyl hy self in die gevangenis so goed moontlik van voedsel voorsien word.**

## Ywer op Heidelberg

Onder die bekwame leiding en flinke organisasie van komdte. M. A. Gouws is O.B.-dag op 7 Augustus in die stadsaal te Heidelberg (Tvl.) in die vorm van 'n gesellige-verkoping gehou. Die opbrengs was £85 wins. Heelwat oorspronklikheid is aan die dag gelê met die insameling van fondse, b.v. 144 vierkante van 'n ons wol elk, in 'n verskeidenheid van kleure, is deur verskillende dames gegee en gebrei, terwyl ass.-veldkornette Wildner alles aanmekaar gehekel het in 'n dubbele reisdeken wat £10-10-0 ingebrihg het. Die flukse veldkornette van Rensburgdorp, E. Pretorius, het aan die nege Brandwagte in haar veldkornetskap elk een sjieling gegee om mee te woeker met £14 as die wins Die gees van samewerking was pragtig.

Die verrigtinge is geopen met 'n toespraak deur komdte. Gouws. Die hoofsprekers was komdt. Du Toit en hoofkomdt. J. D. Herholdt, van wie die kommando met leedwese moes afskeid neem weens verandering van werkkring.

## OFFISIERE VERLAAG IN RANG WAT BLOU EED NIE WIL AFLÊ

Met 'n gewetenloosheid wat die Empire en sy handlangers eie is, word daar tans duimskroewe in die leër aangedraai om blou ede af te dwing. In sy gedienstigheid om die nodige kanonvoer vir die rooi kombinasie te lewer, het die Suid-Afrikaanse leërowerheid nou daartoe oorgegaan om lede van die Staande Mag in rang te verlaag as hulle weier om die eed vir oorsese krygsdiens af te lê. Daar is etlike gevalle in Kaapstad bekend waar offisiere teruggestoot is in rang, wat 'n groot geldelike verlies meebring. In een geval is 'n kaptein wat geweier het om te teken, verlaag na korporaal. Dit beteken 'n verlies van ongeveer tweederde van sy salaris! In 'n ander geval is 'n sersant-majoor verlaag na die rang van sersant. Hierdie offisiere is nie manne wat na die uitbreek van die oorlog aangesluit het nie, maar is vir jare al lede van die Staande Mag. Die range wat hulle beklee het, het hulle 'n paar jaar gelede ontvang.

Die gevolg van hierdie viktimisasie is dat talle persone nou teen hul wil die blou eed aflê. Sommige het egter ondanks die benadeling volhard in hul weiering.

## GROOT HERLEWING IN BLOEMFONTEIN

Bloemfontein se twee generaalskappe (C1 en C11) het met O.B.-dag weens vervoermoeilikhede op twee aparte plekke fees gevier, nl. op 7 Augustus te Bloemfontein en op die 14de te Bainsvlei. Die verrigtinge is gekenmerk deur 'n buitengewone geesdrif wat die hele middag geduur het en die aand is net so 'n groot geesdrif onder die jong Afrikaners geopenbaar met die volkspele. Die saal was te klein om al die mense te huisves.

**Nieteenstaande Bloemfontein baie moeilikhede ondervind van vyandiggesinde Afrikaners en dat daar in die verlede gevoel is dat die O.B. dood is, word nou 'n gees van ongekende toenadering en herlewing ondervind.**

**Die mooi bedrag van £235-0-11 (wins) is ingesamel.**

Toesprake is gelewer deur gebiedshoofgeneraal J. F. van der Merwe, genl. A. F. Schmidt, hoofkomdte. mev. H. vander Merwe en hoofkomdt. A. Nel.—(Kor.)

## DR. PRELLER †

By die heengaan van dr. Gustav Preller verlede week het ons volk een van die manne verloor wat vir homself deur sy arbeid en vir sy volk deur sy diens 'n monument uitgekap het wat sal staan solank daar 'n nageslag is om die helde van die Boerevolk te huldig. Wanneer ons dink aan Preller, sien ons in die eerste plaas sy werke voor ons staan — sy dade. Deur sy geskiedvorsing het hy ons heldeverlede vir ons onvergeetlik gemaak en deur toegewyde diens aan sy vertrapte volk het hy self baanbrekerswerk verrig.

Die O.B. bring graag hulde aan 'n man van die daad, aan 'n man wat gewerk het tot aan die aand van sy lewe.

## Hertzogville Samel Mooi Bedrag In

Nieteenstaande onweer en koue winde, het Hertzogville-kommando weereens van Ossewabrandwagdag 'n grootse sukses gemaak. Die mooi bedrag van £90-7-4 is ingesamel. Kenmerkend is die gees en ywer waarmee Brandwagte besiel was. Die opbrengs van 'n geslagte hoender was £2 12s.—(Meegedeel.)

'N
GULDE GELEENTHEID
IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris. Posbus 6670
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ....................................................................

....................................................................

DIE O.B., WOENSDAG, 13 OKT. 1943

# Gebore Leiers

„Hy is 'n gebore leier,'' word dikwels van iemand gesê, en heeltemal tereg, want 'n leier word nie gemaak nie — hy word gebore. Nadat die Ossewabrandwag meer as twee jaar lank op hierdie beginsel van leierskap georganiseer het en daar in die tweede jaar van sy bestaan 'n geweldige toeloop tot sy geledere was, het ons skielik na die oorlogverklaring op hom in die derde jaar van sy bestaan begin verneem hoe verkeerd dit is om leiers van bo af aan te wys in plaas van onder af. Vir baie was die „leierskapbeginsel'' toe oorsaak om te bedank — nadat hulle twee jaar lank blymoedig daardie beginsel erken en waardeer het. Waar die volk nou weer tot nugterheid begin raak, sal dit goed wees om 'n oomblik stil te staan by hierdie natuurlike waarheid.

In elke lewenskring is daar persone wat weens hul aanleg en persoonlikheid die leiding op hulle neem. Reeds by die kind wys die leier hom vanself uit. Dit is hy wat altyd aan die voorpunt is, wat besluit oor wat gespeel moet word en na wie se uitsprake die ander hulle skik. Hy is van nature hul leier, en word nie gekies deur sy speelmaats om hulle te lei nie. So ook vind ons die natuurlike leiers in die openbare lewe van die volk. **Die vooruitstrewende boer wat blyke gee van oordeelsvermoë en kennis, gee die leiding aan in sy bedryfskring. Dit is hy wat die voorsitter van die boerevereniging word en dit is hy wat na die kongresse gestuur word.** En dieselfde geld vir alle ander lewensbedrywe. As daar deur 'n onbevooroordeelde vergadering 'n voorsitter of afgevaardigde gekies moet word, kies die lede daardie natuurlike leier. **M.a.w. hulle wys maar net die leier aan wat reeds bestaan, want 'n persoon word nie leier omdat hy gekies is nie, maar hy word gekies omdat hy leier is.**

As ons na ons politieke geskiedenis kyk, vind ons daar dieselfde verskynsel. Toe die Groot Trek ontstaan het, is daar, sover bekend, geen vergadering gehou waarop 'n leier gekies is nie. Die Trekkers het hulle eenvoudig geskaar rondom die natuurlike leier in hul omgewing. Toe Hendrik Potgieter besluit het om te trek, het ander besluit om saam met hom te trek en hulle het na hom opgesien as hul leier. Eers later toe daar oorgegaan is tot die formele stigting van 'n staat is die formaliteit nagekom om 'n leier te kies, en soos mev. genl. Joubert meedeel, was hierdie kiesery die enigste bron van rusie onder die Trekkers.

Maar wanneer die Trekkers so gekies het, het hulle nie vir Kerneels Grootgaap of Andries Waterloot tot leier gekies nie, maar vir Piet Retief of Andries Pretorius onder die alwyse bestier van God. **Want 'n leier is iemand wat van God geroepe is om te lei, en as 'n groep mense hom „kies'', dan wys hulle maar net aan wat reeds bestaan in die Raadsplan van God.**

In die partypolitiek kry ons ook maar presies dieselfde beginsel. Genl. Botha het leier van die Suid-Afrikaanse Party geword, nie omdat hy gekies is tot leier nie, maar omdat hy die natuurlike leier en stigter van daardie party was. Toe genl. Hertzog in 1912 die Nasionale Party gestig het, was hy die natuurlike leier van daardie party en hoewel hy later deur kongresse formeel „herkies'' is tot leier, was dit vooraf 'n uitgemaakte saak dat hy die leier is en sal bly. Die kiesery was blote formaliteit. Dit is dan ook om hierdie rede dat 'n leier sy wil soms op 'n kongres kan afdwing met die dreigement dat hy anders sal bedank. Geen kongres het dit nog gewaag om die wil van die partyleier in die aangesig van so 'n ultimatum teen te gaan nie, want dit sal die vernietiging van daardie party beteken.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat leiers van nature bestaan en in 'n georganiseerde gemeenskap net formeel aangewys moet word vir die een of ander bedryfskring. Die aanwysing kan op twee maniere geskied — van bo af, of van onder af. D.w.s. die leier word „aangestel'' of „gekies''.

# Die Geloof van 'n Brandwag getoets

II.

Verlede week het ek vertel hoe 'n buitestaande vriend my brandwag-geloof wou ondermyn. Soos julle miskien sal onthou, het hy beweer dat die O.B. uitgedien is. En daarvoor het hy kortliks die volgende redes aangegee:

1. Volkseenheid is reeds in die H.N. Party verkry;
2. Die O.B. se vertroue op Duitse hulp het nou alle grond verloor;
3. Die O.B. se aksie-planne het in duie gestort;
4. Die gesagstaat is reeds deur genl. Smuts en dr. Malan aanvaar;
5. Die H.N.P. se program is ook nasionaal en sosiaal;
6. Die O.B. is nou feitlik net 'n verbrokkelende Van Rensburg-party.

Hy het my, soos ek gesê het, met hierdie argumente vir 'n oomblik geskok, maar spoedig het ek my vertroue teruggekry en beloof om hom hierdie week oor die saak te woord te staan.

Toe hy dan weer op die afgesproke tyd verskyn en ons klaar gepraat het oor die wonderlike weer en die verwarde oorlogsnuus, het die gesprek soos volg voortgegaan — ek noem maar net die vernaamste puntjies, want ons het lank gepraat.

„Ou-maat, jy meen dat die volkseenheid waarna die O.B. strewe, nou in die H.N.P. klaar verkry is?''

„Al te seker, jy het mos gesien dat daar nou met die provinsiale eleksie net een Afrikanerparty in die veld is en dat die party geen stryd meer hoef te voer teenoor mede-Afrikaners nie.''

„Ja, dit is so, en wat meer is, in die eleksie self sal omtrent alle Afrikaners seker vir die H.N.P.-kandidate stem, behalwe dié wat om een of ander rede nog by genl. Smuts en ander party-leiers staan, en 'n aantal wat glad nie sal stem nie.''

„Maar daardie Afrikaners wat nie vir die H.N.P. sal stem nie, is tog maar 'n klomp afgedwaaldes wat nie tel nie.''

„Goed, vriend, as jy dit so wil hê, laat daardie duisende Afrikaners maar uitgesluit word uit die party se Afrikanereenheid. Dan bly die vraag nog oor of al daardie duisende wat moontlik H.N.P. gaan stem, werklik tot 'n eenheid, 'n volkseenheid, in die party verbind is. Sekerlik is hulle nie almal party-lede nie; 'n baie groot deel sal eerder O.B.-lede wees.''

„Dit mag wees, maar hulle is tog in so ver een dat hulle vir een beleid stem, en daar is op politieke gebied vrede tussen hulle — kyk, soos ek reeds gesê het, jy vind ook geen aanvalle meer van partykant teen sulke mede-Afrikaners nie.''

„AANVALLE''

„Geen aanvalle meer, ja, dis waar. Maar waarom nie? Hoef dit 'n bewys van vrede en eensgesindheid te wees? Die redes daarvoor kan moontlik heel anders wees, b.v.: omdat die volk nie van die aanvalle hou nie; omdat dit soms beter is om 'n teenstander dood te swyg as om hom dood te praat; omdat aanvalle die kanse van party-kandidate slegter maak, ens.''

„Maar in elk geval is daar op party-politieke gebied dan tog 'n groot eenheid van optrede onder Afrikaners.''

„Dit is so, omdat die volk dit so wil hê. Maar hoe ver gaan daardie eenheid nou eintlik en hoe lank gaan dit duur? Is dit 'n eenheid vir 'n bepaalde beleid en bepaalde kandidate of is dit eerder 'n eenheid teen 'n ander beleid en ander kandidate? En sal dit langer duur as tot daardie oomblik wanneer dit weer voordelig en die moeite werd sal lyk vir die ontevredenes om eie kandidate op te stel? As daar een party is, kan daar mos net so wel meer wees; as nou net een optree, kan volgende keer net so wel meer optree — so gou as dit weer voordelig lyk.''

„Ag nee, man, jy probeer net wegpraat wat jy voor jou oë sien, soos die man wat in die dieretuin gesê het: So 'n dier kan daar nie wees nie!''

„Wel, ek gun jou jou goedgelowigheid; maar ek weet hoe swak die partypolitieke band is tussen party-genote, laat staan nog met dié wat maar net vir die party stem en dié wat glad nie stem nie of heeltemal anders stem. As jy praat van party-politieke eenheid van die Afrikanerdom, dan dink ek so by myself aan Malaniete, Hertzogiete, Pirowiete, Gryshemde, O.B.ers, niksiete, Smutsiete, ens., ens. — en dan wonder ek, veral as ek dink aan die worstelstryd wat daar vir die Afrikanerdom voorlê. Maar dis nog net 'n bysaak; die hoofsaak is dat al sou die Afrikaners almal (wat onmoontlik is) in een politieke party saamgebind wees, dan sou hulle nog maar net op party-politieke gebied verenig wees, dit wil sê as 'n party nog 'n party sou wees soos ons partye ken in die Britse wêreld.''

„Maar hoe dan? Hoe wil jy hulle dan verenig hê? Wil jy ook net een kerk hê en een professie en een voetbalklub vir die hele Afrikanerdom? En het die O.B. ooit die hoop om al die Afrikaners te verenig? Dit lyk my jy het 'n nasionaal-sosialistiese hersenskim op die brein. Jy wil al die Afrikaners na een patroon knip. Ons het net die praktiese en Christelik-nasionale doel om hulle tot een politiek te beweeg!''

VOLKSPOLITIEK

„Nee, jy bedoel, beweeg om een politieke party te steun met hulle stemme saam met so veel moontlik nie-Afrikaners. Kyk, ou broer, jy moet tog leer om ernstiger en opregter en dieper oor die politiek te dink. **Ons praat van volkspolitiek en daarvoor wil ons die Afrikanerdom verenig. Volkspolitiek bring die hele volk in 'n onweerstaanbare eenheidsaksie op alle gebiede, altyddeur en in al sy kringe, so ver dit nodig is om sy eie volkstaat te vestig, te dra en te beskerm. Dit is nie soos party-politiek net op partypolitieke gebied, net vir politici, net op die stemdag en in die parlement nie. Dit deurdring die hele lewe en maak dit 'n onbreekbare eenheid — nie een patroon op alle gebiede nie, maar een politieke gees in al sy lewensvertakkinge om alles te laat saamwerk vir die een vryheidsdoel, maar alleen so ver dit vir daardie doel nodig is.** Kan jy dit dan nie verstaan nie? Ons wil 'n politieke volksbeweging hê, nie net 'n parlementêre party nie. Maar dit wil nie sê dat ons al die Afrikaners daarin wil dwing nie. Maar ons wil wel net een politieke volksorganisasie hê vir die Afrikanerdom: een volk kan tog nie meer as een politieke einddoel en een volksbeweging daarheen hê nie. Ons wil een politieke volksorganisasie hê wat sal oopstaan vir alle soorte Afrikaners wat die pad van Suid-Afrika wil bewandel en politieke belangstelling het. Nie alle Afrikaners hoef daarin aktief deel te neem nie. Dis nie nodig nie. **Maar die gees van so 'n organisasie sal volkseenheid beoog daarin dat dit ook die Afrikaners wat buite die organisasie staan, as Afrikaners erken en aan hulle alle moontlike leiding en saamwerking en hulp bly aanbied; en nie, soos 'n politieke party, hulle afstoot as verdwaaldes en onbetroubares en volksverraaiers of as nie-politieke sukkelaars wat van die politiek moet afbly nie.''**

„Alla, man, maar jy word warm oor die saak. Laat ons nou liewer nugter bly, en sê vir my: Hoe gaan julle net een politieke Afrikanerorganisasie verkry sonder buitelandse hulp, wat nou tog buite die kwessie is?''

„Neem my nie kwalik dat ek warm word nie, ou broer. Maar dis liefde wat my nou warm maak, liefde vir waaragtige Afrikanereenheid wat ek al in my verbeelding, nee in my hoop en geloof sien. Dis nou al laat. Volgende week sal ek jou tweede beswaar behandel, wat jy nou net weer genoem het.''

So het ons toe die gesprek hierdie keer afgesluit en by die afskeid nog so 'n bietjie gesels oor die teenswoordige moeilikhede in die Afrikaanse universiteite en by die onderwys in die algemeen. Hieroor was ons dit heeltemal eens.

Maar terwyl my vriend al op pad huis-toe was, draai hy skielik om en sê:

„Jong, die idee van een volksorganisasie in beweging na sy eie vrye volkstaat is mooi, maar ek kan nie goed verstaan wat jy bedoel met 'n volksorganisasie wat nie alle Afrikaners hoef in te sluit nie. En dan vrees ek ook dat so 'n volksorganisasie 'n groot seekat sal wees wat die volk dooddruk. Sou die volk nie liewer heeltemal vry sonder organisasie vir hom van tyd tot tyd 'n leier kan kies nie?''

„Ons kan volgende week eers hieroor gesels, as jy wil'', was my afskeidswoord aan hom.

In die eerste geval wys sy meerdere hom aan en in die tweede geval wys sy minderes hom aan. Die vraag wat elkeen nou maar vir homself kan uitmaak is: wie kan die beste oordeel by die aanwysing, die meerdere wat weet watter pligte die leier onder hom moet nakom, of die minderes wat nie bekend is met al die feite nie. En die organisasie waarin die beste geoordeel word by aanstellings, sal ook die beste resultate lewer.


**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. — Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontic en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS ! . . .*

V.M.K. AANBEVEEL.

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

## „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom''

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese tonele in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf-Vertoning.)*

IN ORANJE VRYSTAAT

| | | | |
|---|---|---|---|
| CLOCOLAN | 15 Okt. | KOPJES | 22 Okt. |
| MARQUARD | 16 „ | FRANKFORT | 25 „ |
| SENEKAL | 18 „ | REITZ | 27 „ |
| VENTERSBURG | 19 „ | BETHLEHEM | 28 „ |
| KROONSTAD | 20 „ | FOURIESBURG | 29 „ |
| PARYS | 21 „ | HARRISMITH | 30 „ |

# Ossewabrandwag se Broedereed in Syfers Uitgedruk

## Meer as £34,000 Bestee aan Hulp vir Vervolgde Afrikaners

**Volgens 'n verslag van die Sekretaris van die Noodhulpfonds vir die tydperk tussen 26 Januarie 1942 en 31 Augustus 1943 het die Ossewabrandwag meer as £34,000 in die betrokke negentien maande aan versorging van mede-Afrikaners wat in moeilikheid geraak het, bestee. Dit geld slegs die bedrag wat deur die sentrale kantoor van die Noodhulpfonds uitbetaal is en verteenwoordig op verre na nie die totale inspanning van die Volksbeweging nie in die handhawing van sy eed: „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand uitlewer nie." Afgesien van hulp wat plaaslik deur kommando's verleen is, het Natal by voorbeeld vir die grootste deel van die tydperk £50 per maand in sy eie gebied aan noodleniging bestee. Al hierdie bedrae is nie by die sekretaris se verslag ingesluit nie, sodat die werklike hulpverlening deur die Ossewabrandwag baie groter is as hierdie syfer, wat inderdaad getuig van besielende volharding en kameraadskap. Die totale bedrag wat deur elke gebied jaarliks ingesamel is, sal later bekend gemaak word.**

**Uit die verslag blyk ook die noodsaaklikheid om nog steeds te volhard in ons insamelings vir die fonds.**

**Die ontvangste en uitgawes is as volg:**

| | Inkomste | Uitgawes |
|---|---|---|
| 1942 Jan.—Feb. | £2,029 6 3 | £1,817 6 9 |
| ,, Mrt.—Feb. | 2,319 7 6 | 2,318 16 3 |
| ,, Apr.—Jun. | 5,490 13 11 | 5,256 4 7 |
| ,, Jul.—Des. | 9,659 10 9 | 9,927 8 3 |
| 1943 Jan.—Mei | 8,496 1 9 | 9,449 1 2 |
| ,, Junie | 3,487 14 5 | 1,903 14 0 |
| ,, Julie | 991 3 6 | 1,726 4 3 |
| 1943 Augustus | 2,016 10 10 | 2,022 9 6 |
| | £34,490 8 11 | £34,421 4 9 |
| Balans: | | 69 4 2 |
| | £34,490 8 11 | £34,490 8 11 |

## *VERJAARDAGKETTING*

**14 Okt.:** Antoinette Cilliers (Plumstead), Nina Bezuidenhout (Bellville).

**15 Okt.: Delene du Toit (Observatory),** Marian Roode (Paarl).

**16 Okt.:** Johanna Freda van Rensburg (Eppingtuindorp), Jacoba van Heerden (Bedford), Johanna Fredrika van Rensburg (Eppingtuindorp), Chris de Wit (Tarkastad).

**17 Okt.:** Cornelia M. Koekemoer (P.P. Rust), Annette Naudé (Stellenbosch), Anna-Marie Wiid (Stellenbosch), Maryna Lambrechts (Noorder-Paarl), Lambert Laubscher (Noorder-Paarl), Rina Langeveld (Wolseley), Thomas Amoles Bothma (P.K. Merweville), Du Toit Grobbelaar (Wellington), Gertruida E. Labuschagne (Kirkwood), Elizabeth Iris Minnie (Port-Elizabeth), Johanna Theart (Woodstock).

**18 Okt.:** Jakob Theron (George), Aletta C. Kotze (Upington), Truida van Velden (Stellenbosch), Johannes Steenkamp (Wilgenshoutsdrif), Jacoba Terblance Meyer (Vryburg).

**19 Okt.:** Lourens Theron (George), Chris du Toit Visser (Noorder-Paarl), Arina Erasmus (Tiervlei), Lorie Rademeyer (Humansdorp).

**20 Okt.:** Anna C. Byleveld (Aughrabies), Magiel J. le Roux (P.P. Rust).

## Hoofkomdt.skap Upington

Die Hoofkommandantskap Upington het 8 Augustus gevier onder uiters moeilike vervoertoestande in die uitgestrekte gebied. Nogtans is die mooi bedrag van £532-13-0 ingesamel. Dit kan alleen gedoen word deur offisiere en Brandwagte wat vir die Afrikanersaak alles op die volksaltaar veil het en wat kan sê: „Ek is die wagter van my broer". 'n Verdere £129 is van Afrikanervriende ontvang wat die totaal op £661-13-0 bring.—(Meegedeel.)

## Die Rekord

In 'n vorige uitgawe het ons berig dat Upington se generaalskap waarskynlik die rekord hou vir Ossewabrandwagdag met £1,200. Hierdie prestasie is egter oortref deur die generaalskap Stellenbosch wat £1,500 ingesamel het. Voorheen het ons van Stellenbosch as hoofkommandantskap melding gemaak.

## *JEUGOFFERS*

Lina en Louisa Stevens van Spitskop (Louis Trichardt) het 10s. gestuur vir die Noodhulpfonds wat hulle verdien het deur lemoene te verkoop.

## *Triomf oor Demokrasie*

Nog 'n bewys hoe partypolitiek 'n opbouende landsbestuur kan verydel, vind ons in die volgende brokkie uit 'n berig in Die Burger van 5 Oktober waarin aangekondig word dat brandsiekte uitgeroei is: „In 1894 het die Kaap die eerste omvattende wetgewing in verband met die siekte aangeneem, maar ook hierdie maal was daar sterk teenstand **en etlike parlementslede het hul setels verloor deurdat hulle die wetgewing gesteun het. Kandidate het politieke munt daaruit geslaan deur die steun van boere wat teen die brandsiekwetgewing gekant was, te erlang."**

Gelukkig het die demokrasie nie hierdie keer gewen nie! Dit bewys dat 'n volk slegs deur die gesag van onbaatsugtige staatsmanne regeer kan word, en nie deur eleksiekrete nie.

*SPESIALE AANBOD,* —
LAAT BESENDING AANTREKLIKE
„Jarmode"- en „Gero"-
BAADJIEPAKKE en JASSE
Teen egte verminderde Pryse by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE

MARKAGENTE
Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!
Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.
Volkskopermark
BPK.
MOREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

116 Takke 44,000 Lede
AVBOB
Reserwe-fonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Schoemanello Drank . . .
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | Kissie van 12 bottels. PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraal-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/8 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn. F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.
Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.
Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

VIR JUKSKEIE
en Kombuisbenodighede
P. J. KOCK
Carolinestraat 146 — BRIXTON
Foon 35-3882 — JOHANNESBURG

Skryf aan Posbus 909 Pretoria vir u benodighede en vir
diens Brandwagte!
DAAR IS MAAR 'N BEPERKTE HOEVEELHEID OOR
Silwerpleet Kommetjies
DIENLIK AS 'N SUIKERPOT —
6/-elk. Posgeld 6d.
Sleutel-Kettings
'N DIENLIKE EEUFEESAANDENKING
1/6 elk.
Posgeld 2d.
Uniewinkels
KOöPERATIEF BEPERK
Kerkstraat PRETORIA
Benoni, Vereeniging, Johannesburg, Kaapstad.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:
„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."
MEER AS 200 KURSUSSE
Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".
DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ____________
Naam ____________
Adres ____________
(O.B., 13 Okt. 1943.) ____________
Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).
HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 3d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Advertensies kan gestuur word aan Voorslag Bpk., Posbus 1411, Kaapstad óf Publicité Bpk., Posbus 4892, Johannesburg.**

### GEBOORTE

**VORSTER.** — Aan Kommandant en mev. P. J. Vorster van Kaapstad, 'n tweede seun op die 6de Oktober.

**NEL.** — Aan mnr. en mev. J. P. Nel, Vlakfontein, Bronkhorstspruit, 'n O.B.-seun op 10 September.

**KRIEK.** — Aan mnr. en Veldkornette Andries Kriek, Vrugbaar, Rosendal, 'n fris O.B.-seun op 30 Augustus. Naas die Gewer ons dank aan dokter en verpleegsters.

**STEENKAMP.** — Aan oud-Hoofkommandant en mev. L. H. Steenkamp, 'n fris S.J.-seun op 15 September. Naas God ons dank aan die O.B.

Wie roer die tentseil daar?
Windjie jy, ou wandelaar,
Kom jy uit die duisternis?
Weet jy waar ons Pappie is?

Carlstraat, Pretoria-Wes.

**DE VOS.** — Aan genl. en mev. J. de Vos (nee Eliana du Toit), Seepunt, 'n seun op 9 Oktober.

**DU TOIT.** — Aan André en Elise du Toit, 'n fris dogter op 3 Oktober.
De La-Roche,
Noorder-Paarl.

### VERLOWING

**VAN NIEKERK—HOLL:** Hoofkommandant F. E. Holl (Jnr.), Koffiefontein Interneringskamp en mev. Holl, Rhebokkloof, Northam, Rustenburg, maak die verlowing bekend van hul dogter Maggel aan Ben, seun van mnr. en mev. C. H. van Niekerk, Friersdale, Upington.

### DOODBERIG

**COETZEE.**—Diep bewoë, neergeboë betreur ons die heengaan van ons lief klein babaseuntjie, Adric, wat die Heer net vir 12 ure aan ons toevertrou het.

Die wond is diep, o HEER!
Maar u wil geskied in alle EER.

Diepbedroefde ouers Kapt. en mev. Nic Coetzee, Bloemfontein.

### IN MEMORIAM

**PIENAAR.** — Sag en teer is die herinnering aan ons liefling seuntjie en ons boetie Kenneth, wat onverwags verhuis het na 'n beter woning op 13 Oktober 1942. Van **Ouma, Mammie, Jim, Ronald en Jacqueline.**

### PERSOONLIK

ADVERTEERDER, ('n offisier in die Ossewabrandwag vanaf die oprigting van die Volksbeweging) by professie 'n publieke Rekenmeester, met jarelange ondervinding, gegradueerd aan die Instituut vir Gesertifiseerde Boekhouers (F.C.I.B.) (S.A.), open 'n kantoor te Kaapstad, mits voldoende ondersteuning verkry word. Is ook bereid om in 'n reeds bestaande Ouditeurs Praktyk kapitaal te belê. Rig aansoeke aan: **L/L, Posbus 1411, Kaapstad.**

### BETREKKING VAKANT

KABINETMAKER. — Kennis van outydse meubels en draaiwerk 'n aanbeveling. Doen aansoek en meld salaris verlang aan **P. H. van Wyk, Posbus 73, Nelspruit, Transvaal.**

GEVRA: Hardwerkende jong Afrikaner as voorman op klein plaas. Moet kennis dra van algemene boerdery en plaaswerk. Inwoning vry. Skryf aan: **A. B. Eksteen, Avondzon, Clocolan.**

BENODIG: 'n Privaat onderwyseres vir twee Std. I kinders, Goewernements sylabus. Salaris £12 per kwartaal met vry inwoning; moet dadelik begin. Kwalifikasies en getuigskrifte aan **D. J. Pistorius, Coalbrook, O.V.S.**

### TE KOOP GEVRA

TE koop gevra: Kerrie beeste, opreggeteelde verse of jong koeie van 1—6 jaar. Besonderhede: **J. C. van Rooyen, Utrecht, Natal.**

### TE KOOP

SPEELGOED. — Diere van skaapvel asook lappoppe. Tree in verbinding met mev. **van Vuuren, Posbus 113, Barberton, Tvl.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo. Kombuis- en handwasbakke. baddens. septiese tenks. pilare. vloerteëls. voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden. Potgieterstraat 384. Pretoria.**

**Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé. Sasbankgebou. Bloemfontein.**

**DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6676, Johannesburg.**

### TE KOOP

**AARTAPPELMOERE.** — Bied aan Arranchief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. Georgestasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by **H. D. Meteierkamp, Grootboek, Posbus 47, George.**

DAG-OUD Australorps, Leghorns; Ook die kruis tussen 'n Australorp haan en 'n Leghorn hen. Uitgebroei deur die (Kampioen) 8,000 Secura-broeimasjien. Weekliks verkrygbaar vanaf 18 Oktober teen £4-10-0. K.B.A. Skryf aan **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl, Telefoneer 6203.**

PATATRANKE. — Beroemde Kleinkaroopranke, beskikbaar vanaf 15 Oktober tot Januarie. Bestel dadelik vooruit. Sesmaande ranke 6/9 per duisend, driemaande ranke 7/9 per duisend, gelewer in sakke, Plathuishalte. Kontant voor aflewering. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

**LEMOENE. — Valencia-lemoene, lemmetjies en Pomelos (grape fruit) 2/6 per sakkie hier, vir nie minder as 5 sakkies. K.M.B. H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.**

**BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE, Posbus 660, — Johannesburg.**

Ons voorrade van **Vrugtebome** en **Rose** was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodighede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!
Sierstruike, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.
Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters.

**W. F. CARSTENS**
**(Edms.) Bpk.**
**BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE**
**Centralweg 52, Fordsburg**
**Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg**
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

*Waarde vir geld*

*Kommando*



*-sigarette*

**MARKAGENTSKAP**
**Vroeë Môre-Mark**
**KAAPSTAD**
●
**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**

**BESTE HEERSENDE PRYSE.**

***MINNAAR & VAN SCHOOR***
**Eienaar: GUSTAV RETIEF.**
**Telefoon 2-0212.**

## *AAN DIE BOEREJEUG*

### Heldedag

Ons het so pas Heldedag gevier. Dit is die dag waarop ons as Afrikaanse volk hulde aan ons helde bring. Dit is vir ons 'n volksfeesdag wat op 'n waardige en gepaste wyse gevier moet word. Veral vir ons jeug het hierdie dag 'n groot betekenis. Daarom is dit nodig dat hulle die betekenis daarvan goed verstaan.

Aan wie bring ons op Heldedag ons hulde? Daarop gee die datum die eerste antwoord. 10 Oktober is die geboortedag van president Paul Kruger, ons volksheld by uitnemendheid. Aan sy nagedagtenis wy ons in die eerste plek die dag en geleentheid. Maar dis nie daarom alleen dat 10 Oktober so 'n geskikte datum vir ons huldebetoning aan ons helde is nie, Oktober is die maand waarin die geboortedae van ander groot figure uit ons volksverlede herdenk word: 2 Okt. pres. M. T. Steyn, 5 Okt. pres. F. W. Reitz, 7 Okt. genl. C. R. de Wet, 11 Okt. genl. Koos de la Rey, helde een en almal.

Dit bring ons tot die vraag: wat en wie is 'n held? Is dit voldoende om te sê dat 'n held of 'n heldin iemand is wat dapper en onverskrokke is, wat vir niks ter wêreld bang is nie? Daar is sulke mense wat skynbaar nie weet wat vrees beteken nie en wat steeds bereid is om selfs die lewe op die spel te sit, soms ter wille van 'n nietigheid. Dink aan die roekelose manier waarop sommige jong mense hul lewe op die sportbaan waag. Nee, doodsveragting is nie voldoende nie, dis so dikwels niks meer as geringskatting van die lewe nie. **'n Ware held of heldin skat eie lewe nie gering nie, maar is tog altyd bereid om, as dit nodig mag wees, dit tot behoud van iemand anders se lewe af te lê.** Daarom was Wolraad Woltemade 'n held en sal hy tot in lengte van dae vir elke seun en dogter 'n inspirasie bly. Niemand sou hom kwalik geneem het as hy soos die ander maar 'n tydelike toeskouer gebly het nie. Waarom die eie lewe waag? Sy eie veiligheid was hom tog nie onverskillig nie. Maar die lewens van die arme drenkelinge het hy hoër as sy eie geskat en daarom het hy met sy moedige perd golwe en dood getrotseer.

Dirkie Uys was al uit die gevaar en veilig. Omdat hy heldebloed in sy are gehad het, het hy teruggekeer in 'n (vergeefse) poging om sy gewonde vader te red.

#### DIE OFFER

Dieselfde dryfveer vind ons by elke volksheld of -heldin. Diens van land en volk eis opoffering. Nou val dit nie swaar om iets af te staan wat vir ons van geen waarde is nie, so 'n gif is egter nie 'n **offer** nie. **Dis juis wanneer dit vir ons swaar val om van iets af te sien dat dit 'n offer word as ons daarvan in diens van land en volk vrywillig afstand doen.** Dit mag 'n stoflike offer wees wat gevra word, maar dis nog die minste. Dit mag eie eer of bevordering wees wat ons op die volksaltaar moet lê; dit mag ons vryheid, dit mag ons lewe wees! Dis so maklik om die ander weg te volg en wie sou ons dit kwalik neem? Dis immers verstaanbaar dat iemand met 'n groot besitting of met 'n hoë betrekking of met goeie vooruitsigte hom of haar nou nie juis aan so 'n skynbaar hopelose saak soos ons volksaak kan gaan waag nie. So redeneer ons dan. Daarom vind ons ook gewoonlik die volkshelde nie onder die rykes en die aansienlikes nie.

Tog het elke volk sy helde en heldinne, ook ons volk. En dis veral ons volkshelde en -heldinne wat ons op 10 Oktober in dankbaarheid huldig. Ons dink aan die helde van die kryg, ons dink aan die heldinne van die Groot Trek en van die konsentrasiekampe. Ons dink ook aan die helde van die raadsaal wat die versoeking van eer en rykdom in Empire-diens kon weerstaan, en verkies het om liewer smaad en hoon saam met hul volk te verdra. **Ons dink aan die helde en heldinne van vandag, baie van hulle nog maar seuns en dogters, wat tronk of interneringskamp verkies het bo die veilige (?) weg van volksverraad, en . . . . ons bring hulde. Ook aan die moedige vroue van geïnterneerde volksgenote.**

#### GELOOF

'n Heldedaad word steeds in die geloof verrig. Dis altyd die bewys van 'n allesoortreffende liefde en van 'n onwrikbare oortuiging. Wanneer ons dan aan ons helde dink, laat ons ook dink aan die magtige dryfvere wat hul dade gekenmerk het, en laat ons die Here dank dat Hy hulle as instrumente wou gebruik en nog gebruik om ons volk se geloof in sy uiteindelike bestemming lewendig te hou. Laat ons Hom ook vra om aan elk van ons daardie offervaardigheid in diens van ons volksideale te skenk, sodat ook ons tot enige offer bereid en bekwaam bevind mag word.

En nou, Boerejeug, wil ek aan u, offisiere sowel as Brandwagte, 'n vraag stel. Wat is volgens u mening die mees geskikte manier waarop ons as Boerejeug 10 Oktober kan en moet vier? Rig asseblief u antwoorde regstreeks aan prof. D. J. van Rooy, Von Wiellighstraat 40, Potchefstroom. —(D. J. v. R.)

**Belangrike aankondiging**
***PAS VERSKYN***

**Menslike Physiologie (Deel I.)**
deur
**H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).**
553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/-
(Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

**Pro Ecclesia-Drukkery**
**Die Laan Stellenbosch**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery. Die Laan. Stellenbosch.**

**Voorslag-Pynpoeiers** *Die Veilige Verbanner van ALLE PYNE*

*Hoofpyn, Sinkingspyn, Rumatiek, Vroulike Pyn, Tandpyn, Verkoues en Influensa*

***DIE VOORTREKKER-APTEEK***
**KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).**
**MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).**
**ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.**
***AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.***